# PROF. VAN JAARSVELD SE BYDRAE TOT DIE GESKIEDSKRYWING OOR AFRIKANERNASIONALISME

**S F Malan**
*Universiteit van Suid-Afrika*

Prof. F A van Jaarsveld het 'n groter bydrae as enige ander historikus oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikanernasionalisme gelewer. In 1951 het hy die eerste wetenskaplike werk hieroor gelewer met sy *Die eenheidstrewe van die republikeinse Afrikaners, Deel 1, Pioniershartstogte (1836—1864),* en agt jaar later het hy dit opgevolg met *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn,* 1868—1881. Met dié twee werke het hy 'n belangrike historiese debat oor dié verskynsel van Afrikanernasionalisme aan die gang gesit en is hy gevestig as een van die grootste gesaghebbendes op dié gebied.

*Die Eenheidstrewe* ... was aanvanklik 'n doktorale proefskrif getiteld "Die politieke betrekkinge tussen die Suid-Afrikaanse Republiek en die Oranje-Vrystaat, 1836—1899" wat aan die Ryksuniversiteit van Groningen onder promotorskap van prof. P J van Winter gelewer is. Die feit dat dit 'n proefskrif was, het daartoe gelei dat dit meer tot die vakgerigte en ingeligte leser as die gewone lesende publiek gespreek het. Dit is aanvanklik aangekondig as die eerste van drie volumes, maar tot op datum het geen opvolgingstudies nog verskyn nie.

Prof. Van Jaarsveld kom tot die gevolgtrekking dat die eenheidstrewe tussen die Boererepublieke in duidelik onderskeibare fases verloop het. Gevolglik is *Die Eenheidstrewe* ... in vier afdelings verdeel en elke afdeling, weer, omvat twee of meer hoofstukke. Afdeling A bied, naas 'n oorsig van die faktore wat die eenheidstrewe ten grondslag gelê het, ook 'n uiteensetting van die verenigingsideaal tot 1848. In afdeling B word die skeiding tussen die twee republieke en die vasstelling van die Vaalrivier as grenslyn tot 1854 nagevors. Afdeling C handel oor die herlewing van die Voortrekkerhartstogte om 'n verenigde republiek te herskep en hoedat dié ideaal in 1857 tydelik deur die Vaalriviertraktaat ter syde gestel is toe die afsonderlikheid van elkeen bevestig is. In Afdeling D word aangetoon hoedat die eenheidsgedagte by bepaalde groepe Vrystaatse sowel as Transvaalse burgers bly smeul het en aanleiding gegee het tot M W Pretorius se poging om die republieke in sy persoon te verenig. Teen 1863—1864 het ook dié poging op die rotse beland en breek 'n nuwe era aan in die verhouding tussen die twee susterstate toe J H Brand tot Vrystaatse president verkies is.

In sy studie het prof. Van Jaarsveld nie slegs 'n nuwe terrein in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis geopen nie, maar ook daarin geslaag om 'n besondere troebele era in die geskiedenis van die twee Boererepublieke objektief te ontleed. Daar word nie geskroom om diepsinnige vrae omtrent die aard en wese van die eenheidsideaal te stel nie, terwyl op insiggewende wyse geput word uit die aangrensende wetenskappe om die geheelbeeld te voltooi. So word byvoorbeeld noukeurig ingegaan op die wisselwerking tussen die geografiese gesteldhede en politieke strominge en word veral gepoog om die betekenis van grenssituasies in perspektief te plaas. Die rol van sosio-ekonomiese invloede in die eenheidstrewe word eweneens nie agterweë gelaat nie.

Deur sy uitvoerige navorsing in tydgenootlike koerante en die korrespondensie afkomstig van die onderskeie distrikte (wyke en landdrosdistrikte) kon prof. Van Jaarsveld daarin slaag om weg te breek van die tradisionele politieke geskiedskrywing waar hoofsaaklik op die leiersfigure gekonsentreer word. Die opvattings en gevoelens van die

"volk" word duidelik in die prentjie geplaas. Gevolglik blyk die ingewikkelde pioniersomstandighede waarin die republikeinse eenheidstrewe hom tussen die jare 1848—1863 afspeel, baie duidelik.

Historici het oor die algemeen *Die Eenheidstrewe* ... as 'n verruiming van die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing begroet. Kritiek daarteen het natuurlik ook nie uitgebly nie. Prof. M C E van Schoor het in sy *Nasionale en Politieke bewuswording van die Afrikaner en sy ontluiking in die Transgariep tot 1854* (*Argiefjaarboek*, 1963, deel 2) aangevoer dat prof. Van Jaarsveld slegs op twee hoofgroepe onder die Vrystaatse bevolking gekonsentreer het, nl. die (Britse) lojaalgesindes en die republikeine en boonop so ver gaan om dié groepe in strakke regionale gebiede (nl. 'n Republikeinse Noorde, 'n oorvleuelingsgebied en die Koloniale Suide) af te baken (vergelyk *Eenheidstrewe* ..., pp.26—27 en bylaag E). Volgens prof. Van Schoor was daar inderdaad naas bogenoemde twee groepe, ook 'n derde middelgroep in die Vrystaat teenwoordig. Hulle sou toenemend daarna gestreef het om "'n lewensbestaan los van enige Britse oorheersing te voer" (*Politieke Bewuswording* ..., p.106). Prof. Van Schoor meen voorts dat die onderskeie groepe "deurmekaar gewoon het en nouliks deur geografiese lyne te onderskei was" (*Politieke Bewuswording* ..., p.107).

Alhoewel *Die Eenheidstrewe* ... ook in 'n ander sin verruimend op die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing ingewerk het en begrippe soos byvoorbeeld die "Republikeinse Noorde" en die "Koloniale Suide" gevestig het, bevat dit ook vreemde Afrikaanse woorde en uitdrukkings wat die leesbaarheid daarvan beïnvloed. Vergelyk in dié verband "dominasie van ander distrikte", ens.

Indien prof. Van Jaarsveld deur *Die Eenheidstrewe* ... die aandag op hom gevestig het, het hy hom as vooraanstaande historikus bewys met die verskyning van *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn*. Dit word vandag nog aangeslaan as 'n standaardwerk oor negentiende-eeuse Afrikanernasionalisme. Die trefkrag en gewildheid van die werk is ongetwyfeld aangehelp deur die wye belangstelling wat daar in Afrikanernasionalisme as sodanig bestaan, terwyl 'n Engelse vertaling daarvan deur F R Metrowitch in 1961 verseker het dat die lesersveld van die werk aansienlik uitgebrei is. Daarmee is 'n betekenisvolle fase in die Afrikaner se vorming vir die Engelssprekende toeganklik gemaak.

In sy studie van die ontluiking van Afrikanernasionalisme onderskei prof. Van Jaarsveld drie fases, nl. skeiding en afsondering (1836—1868), weerontmoeting: die Afrikaanse nasionale selfbewuswording (1868—1877), en die geestelike eenwording: die ontstaan van 'n Afrikaanse nasionalisme (1877—1881). In elkeen van bogenoemde afdelings trag die skrywer om antwoorde te verskaf op probleme soos: wanneer het Afrikanernasionalisme ontstaan? hoe het dit ontplooi? en wat is die eienskappe daarvan? Volgens prof. Van Jaarsveld was die jare 1877 tot 1881 (die tydperk van die Transvaalse stryd om onafhanklikheid) deurslaggewend vir die finale deurbraak van 'n nasionale bewussyn. Hy onderskei Britse imperialisme as die belangrikste prikkel wat tot die nasionale bewussyn aanleiding gegee het en meld die volgende hoofkenmerke van Afrikanernasionalisme: 'n gegriefdheid jeens Britse onderdrukking, bewuswording van die eie taal en kultuur, die drang na selfbehoud en beskerming van die eie identiteit, 'n vaste geloof en oortuiging van 'n uitverkorenheid en 'n noue identifisering met die volksverlede.

Die verskyning van *Die Ontwaking* ... het groot belangstelling gaande gemaak. Dr. N G Garson het verklaar: "In his approach dr. Van Jaarsveld is objective and thorough ... The Englishspeaking reader proficient in Afrikaans will have much to learn from it" (*The Star*, 11 Oktober 1957). Prof. D W Kruger het dit beskou as "n belangrike voorstudie tot die geskiedenis van die nasionalisme in Suid-Afrika" (*Koers*,

Oktober 1957), terwyl dr. J A Wiid veral gewag gemaak het van die "nuwe hoek" waaruit prof. Van Jaarsveld "ons historiese verlede ... benader" het (*Die Huisgenoot*, 28 Oktober 1957).

Aan die ander kant het prof. J J Oberholster 'n wesentlike tekortkoming van hierdie belangrike publikasie blootgelê toe hy geskryf het: "Die Afrikaner se ontluikende nasionale bewussyn (word) haas net op politieke terrein in oënskou geneem ... Van die geestes- en sosiale ontwikkeling van die Afrikaner m.b.t. sy wordende nasionale bewussyn kom daar weinig tereg" (*Historia*, vol. 3, 1958). Volgens prof. Oberholster is die werk te veel gebind aan die prikkels wat daar op staatkundige gebied van die Britse element uitgegaan het; die resultaat is 'n tema wat hoofsaaklik geweef word om 'n aksie (Britse beleid) teenoor 'n reaksie (uitwerking op die Afrikaner). In dié proses gaan die innerlike en moeiliker waarneembare groei van die nasionale bewussyn grootliks verlore. Prof. M C E van Schoor het hom in sy studie oor *Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner ... tot 1854 (Argiefjaarboek*, 1963, deel 2) hierby aangesluit en veel meer klem op die embrionale stadium van 'n Afrikaanse nasionale selfbewuswording gelê. In teenstelling met prof. Van Jaarsveld se bevinding, beweer prof. Van Schoor dat die Groot Trek as 'n vroeë uiting van die Afrikaanse nasionale bewussyn gesien moet word — 'n standpunt wat egter nie deur 'n deskundige van die Groot Trek-periode soos prof. C F J Muller gedeel word nie. In sy *Die Britse owerheid en die Groot Trek* (1953) (vergelyk ook sy *Die Oorsprong van die Groot Trek*) kom prof. Muller tot dieselfde gevolgtrekking as prof. Van Jaarsveld, nl. dat 'n Afrikaanse nasionale besef eerder 'n gevolg as 'n oorsaak van die Groot Trek was.

Alhoewel die benadering van die tema daartoe gelei het dat die verhaal van Afrikanernasionalisme ietwat fragmentaries aangebied word, is *Die Ontwaking* ... stilisties veel meer leesbaar as sy voorganger en word die leser getref deur die visie en gemak waarmee prof. Van Jaarsveld sy feite interpreteer. Selfs al sou daar nie oral met dié interpretasie saamgestem word nie, is prof. Van Jaarsveld se werk van so 'n hoë intellektuele peil dat dit 'n betekenisvolle plek in die geskiedskrywing oor Afrikanernasionalisme verwerf het.